STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# IDASVALLEI LAEKOSTE BEHUISINGSPROJEK – ADMINISTRASIE VAN BEGUNSTIGDES – HUIDIGE STATUS

Die munisipaliteit het reeds die eerste groep van voltooide behuisingsubsidieaansoekvorms by die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings vir goedkeuring ingedien en die uitslae terugontvang, welke uitslae aan die goedgekeurde/afgekeurde begunstigdes gekommunikeer en daarna aan die gemeenskap gepubliseer sal word. Tans is ons besig met die tweede groep van moontlike begunstigdes wat genooi sal word om subsidieaansoeke op ‘n datum en tyd soos bepaal deur die Behuisingsadministrasiekantoor te kom voltooi. Die spesifieke datums en tye vir die voltooiing van die subsidieaansoeke sal aan die geselekteerde begunstigdes in die briewe, wat hulle nooi om ons kantore te besoek, uiteengesit word.

Die briewe sal die geselekteerde begunstigdes nooi om op **‘n spesifieke dag en tyd** na die kantore van Behuisingsadministrasie, te Drukkerslaan, te kom om hul aansoeke te kom voltooi (die briewe sal ook aandui watter dokumentasie hierdie aansoeke sal moet vergesel). Hierdie proses word so bestuur om opeenhopings en die bymekaarkom van groot groepe mense op een slag by die kantore te verhoed, om die veiligheid van inwoners en amptenare te waarborg.

Let asseblief daarop dat die voltooiing van ‘n behuisingsubsidievorm geensins die ontvangs van ‘n huis waarborg nie, aangesien hierdie aansoeke eers deur ‘n goedkeuringsproses by die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings moet gaan.

*Kontak asseblief die Departement van Behuisingsadministrasie by tel (021) 808 8383 vir enige verdere navrae.*